# 3de kwartaal 2016 in die "HEY! Land"

# HEY! Brokkies Nuus

"Be a light in the dark world, for Jesus!"

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Die 3de kwartaal was weereens 'n groot "blessing"! Ons eer God vir Sy guns:** ***sowat 3300 kinders word bedien deur 84 HEY!vrywilligers***
**Hier deel ons 'n paar hoogtepunte maar wil die keer fokus op verhoudinge & konneksie - saam kan soveel meer vermag word:**




Container? NEE Hierdie is 'n gebedshuisie in wording!

**1.GEBED "container":** Ons deel graag wat kan voortvloei uit gebedsweke en kom net weer tot die besef dat álles met gebed begin! By **Danie Ackermann** is 'n wonderwerk getuienis besig om te ontvou en ons staan verstom oor al die konneksies wat bymekaar kom uit harte vir gebed en vir die kinders van Danie Ackermann!! 'n "Container" wat op Agricol se plaas staan word aan ons geskenk. Die **Bybel aanbieders betrokke Irma,Helga,Haydee,Ursula, Clive,Gayle kom almal met hul spesifieke kontak m.b.t. fondse, vervoer en vele meer om die proses aan die gang te sit.** Die hoof Hein Swart is ook 'n gebeds"warrior" en ondersteun ons! Bid saam dat die projek suksesvol voltooi kan word sodat 'n permanente gebedskamer ("boiler room")op die skoolperseel gevestig kan word vir kinders en onderwysers. GOD IS GOED!♥

***Jakobus 5:16 "gebed het 'n kragtige uitwerking"***



Mergon Connect konferensie so waardevol

**2.SAMEWERKING SO KRAGTIG!:** Celeste en Natasha het **Mergon Foundation** se **"connect" konferensie** bygewoon in September en buiten die feit dat ons toegerus is, saam kon bid en waardevolle konneksie geleentheid gehad het met ander NGO's was ons ook bederf en het gemotiveerd en bemoedig daar weggestap. Die kontakte gemaak is sommer dadelik verder geneem. **SCAS** het 'n **sportkamp** gehad 17 Sept en HEY! kon **Jenene Peterson** help om skole te "connect". Die gevolg was 'n baie suksesvolle dag by Die Eiland kampterrein wat deur 27 leerders van **Hope&light skool** bygewoon is. Maar hier stop dit nie! HEY! en SCAS kon **Cois de Kock** van **Sentinel** nader toe vervoer vir die leerders 'n probleem was en hy kon dit reel! **Drie dubbele tou breek nie maklik nie (Prediker 4:12) is so waar.**



Jenene(agter) van SCAS by Hope&light kinders en Nonty (links in middel) tydens sportkamp by Die Eiland=pret!!

**3.SPANBOU EN OPLEIDING:** Aan die einde van die 3de kwartaal is meeste mense se"tenk" leeg. HEY! wou afsluit met 'n **prettige opleiding&spanbou** oggend! Ons het **Daniel Thomae van sports4changes** by Mergon Connect ontmoet en besef dat die tipe opleiding wat hulle doen perfek sal wees en nóg 'n konneksie word gemaak!! Ons het **Voice** se fasiliteit kon gebruik en het lekker spasie gehad om speletjies en aktiwiteite te doen wat weer met kinders gedoen kan word. Dankie aan almal wie bygedra het tot die heerlike oggend. Ons is reg vir 4e kwartaal met nuwe idees en energie en vol VREUGDE! **Neh 8:10 "the joy of the Lord is your strength"**



pret=Daniel & Sylvester van training 4changeS ♥

**DANKIE VIR ELKEEN WIE ONS ONDERSTEUN OP WATTER WYSE OOKAL, ONS WAARDEER JOU!**